# Aardbewing : Suid-Afrika

Teen hierdie tyd weet almal sekerlik van die aardbewing wat gister in Suid-Afrika gevoel was (5.5) in Orkney. Baie bespiegelings, onder andere dat dit veroorsaak was deur mynbedrywighede en in vandag se nuus (News24) word daar as volg berig: "An expert says Tuesday's 5.5 magnitude earthquake in Orkney may have been caused by movements of the Earth and crust in the Rift Valley in Ethiopia." (6 Aug. 2014).

Nou ek kan natuurlik nie die oorsake bepaal soos wat `n wetenskaplike dit kan doen nie maar wat wel in voormelde kommentaar berig word, klink baie interessant en heel oortuigend.

Om hierdie rede wil ek graag `n profesie met belangstellendes deel wat een Sondagmore in `n oggendiens uitgegaan het op Zwavelpoort 81 (Pretoria). God het daardie oggend `n aardbewing aangekondig (dit was in 1991) met die woorde : "Die plate van die aarde sal op mekaar skuif...." Hierdie "kragtige" aarbewing was volgens hierdie gesalfde van die Here iets wat in Suid-Afrika sou gebeur in die nabye toekoms en as dit sou gebeur het die Here deur Sy Gees verklaar, sal ons weet dat Hy dit vooruit aan ons bekend gemaak het.

Nou Suid-Afrika is nie bekend vir aardbewings nie en wat dan hier aan't gebeur is is inderdaad iets waarop ons ag behoort te slaan want dit dit sal omvangryk wees en wat dan dusver gebeur het, is maar net `n voorloper. Hy het die omvang van die aardbewing later beskryf soos wat hy dit van die Here ontvang het (Arie Blomerus 1910-1997). God het deur hierdie selfde gesalfde en in daardie tyd onder andere ook `n kragtige aardbewing (wat nog hangend is) en wat die noorde van Afrika sal raak, aangekondig.

Dit is dan vir my merkwaardig dat Ethiopie ook deur die wetenskaplike in beriggewing vermeld word. Hier was `n man wat nie `n wetenskaplike was nie en wat niks geweet het van die "plate van die aarde nie" alhoewel hy in die algemeen goed belese was. Hierdie aardbewing het nog nie plaasgevind nie. Daar was ook onder andere deur sy profetiese bediening `n aardbewing beskryf wat in Amerika sal plaasvind (dit is nog uitstaande volgens die beskrywing wat hy gegee het) en dan is daar een wat die Here in Australie profeties aangekondig het en wat na sy dood sou plaasvind net soos die een in Amerika wat hy spesifiek so beskryf het.

Die Here het onder ander deur dieselfde gesalfde van God verklaar dat aardbewings sou plaasvind waar die kors van die aarde dik en dun is en dan nie net daar waar mens dit sou kon verwag nie, dit is soos dit blyk. Hierdie man het die profetiese woorde van God ontvang soos wat die profete van ouds dit ontvang het sedert sy doping met die Heilige Gees in 1926 en toe die Here hom vanuit die Dopperkerk gered het en met Sy Gees vervul het. Ons weet dat Jesus in die Evangelies verklaar dat aardbewings op Sy wederkoms betrekking het. Dit is dan iets wat van Bo kom en wat van Bo bestuur word omrede dit God se bestaan en almag, ook Sy Raadsbesluite direk raak.

Wat kan onsself doen en hoe kan ons ons beskerm teen hierdie tipe katastrofe? Ons kan bid en die Here met ons hele hart en lewe soek sodat Hyself ons sal kan beskerm want onder Sy vleuels is daar beskutting!

Die Here het dikwels in die verlede aardbewings deur hierdie man se bediening aangekondig en ook natuurrampe, selfs tsunami's op verskeie plekke en wat die Here beskryf het (lank voor dit so bekend gestaan het) as "geweldige vloedgolwe". Ek kan ook onthou dat hierdie gesalfde van die Here in daardie tyd, dit is die vroee negentigerjare, in profesie verklaar het dat "die aarde gaan skeur, tot in die seebodem sal dit skeur, en julle sal dit sien!" Ek kon dit nie mooi begryp het nie, maar ons het hierdie profetiese woord bewaar. Dit kom voor asof dit besig is om te realiseer. Kyk gerus op die volgende webwerf, www.housealtarnetwork.com na sy oudioboek op podcast, Die Heilige Gees in My Bediening, oor hoedanig die Here hom in Sy diens gebruik het, ook Mimie Blomerus se boek, Kruik vol Lewende Water - ook `n oudioboek in Afrikaans op dieselfde webwerf aangebied - vir getuienisse.

Ja waarlik, Jesus leef en Hy weet alles!

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com
Augustus 6, 2014